Knapsak 24

Geagte Rapportryers en vriende

INLEIDING

Op 23 November 2017 het ‘n geskiedkundige gebeurtenis plaasgevind! Die Pretoria Jakaranda-korps met 18 geesdriftige jong manne is gestig deur die President! Na jarelange droogte in ons stede (behalwe Bloemfontein!) kan ons juig oor hierdie ontwikkeling. Ons het gehoop om hierdie nuus vroeër te plaas met ‘n foto van die korpsbestuur, maar kon dit nie langer uitstel nie.

Voorsitter Henk Kraaij en jou span, baie welkom in die geledere van die Rapportryers!

Verdere goeie nuus is dat die Wes-Kaap nou weer een streek vorm met die samesmelting van Wes-Kaap 1 en Wes-Kaap 2. Baie sterkte aan die nuwe bestuurspan onder leiding van Charles Muller!

Neem asseblief ook kennis van die nuusbrief van die Erfenisstigting wat hiermee saamgaan. Ons vertrou dat dit korpse sal aanspoor om ook op hierdie gebied aktief betrokke te raak.

LANDSBERAAD 2018

- **Korpse wat nog nie hul korpsverslae ingedien en ingeskryf het vir die Landsberaad nie, moet nou hul riete roer! Moenie wag tot op die laaste nippertjie nie!**
- Beraadgangers wat in die Jeugsentrum tuisgaan, hoef nie meer beddegoed of slaapsakke saam te bring nie – **slegs ‘n kussing**. Boksburg-korps sal sorg vir beddegoed.
- Vorige ontvangers van trofees moet asseblief sorg dat dit goed verpak by die Landsberaad besorg word. **Veral die harsbeeld van die perd en ruiter moet BAIE versigtig verpak word.**
- Geen mosies of beskrywingspunte vir oorweging deur die Landsberaad is ontvang nie. Die Rapportryerraad het egter uitvoering gegee aan ‘n besluit van die vorige Landsberaad om sekere bepalings in die Grondwet te hersien. Dit word hieronder uiteengesit tesame met die bepaalde motiverings.

GRONDWETWYSIGINGS VOORGESTEL DEUR DIE RAPPORTRYERRAAD

A. **AGTERGROND**

Op die Landsberaad van 2016 te Grahamstad is etlike wysigings van die RRB-Grondwet goedgekeur, maar spesifieke dele is na die Rapportryerraad terugverwys vir verdere besinning en voorstelle ter aanpassing daarvan.

Hieronder volg voorgestelde wysigings vir oorweging en goedkeuring deur die 2018-Landsberaad:

A. **VOORGESTELDE GRONDWETWYSINGS**
B. **Onder “WOORDOMSKRYWINGS”:**

Herbewoord “Beweging – Rapportryerbeweging” as volg:

“Beweging – Junior Rapportryerbeweging, soos herbenaam na *Rapportryerbeweging*, na inlywing van die Federasie van Rapportryerskorpse by die Junior Rapportryerbeweging in 2000”.

Motivering: Na inlywing van die Federasie vir Rapportryerkorpse by die Junior Rapportryerbeweging is die naam “Rapportryerbeweging” algemeen in gebruik geneem.

2. **Klousule 6.1** handel oor lidmaatskap van die Beweging wat toegeken kan word aan persone wat aan sekere vereistes voldoen.

Skrap sub-klousule 6.1.6 “Alle lede van die Junior Rapportryerbeweging.”

Motivering: Die naam Junior Rapportryerbeweging (JRB) bestaan sedert 2000 nie meer nie, en geen nuwe lede is sedertdien gewerf nie. Verskeie JRB-lede van daardie tyd is steeds lede van die RRB.

3. **Hernumering van klousule 10.1 met byvoeging van ‘n nuwe sub-klousule 10.1.7:**

10.1 Samestelling van die Rapportryerraad

- Tydens ‘n Provinsiale vergadering waarop alle korpse binne `n spesifieke provinsie verteenwoordig word, en wat plaasvind vóór die volgende Landsberaad, word vir elke provinsie ‘n voorsitter en ondervoorsitter verkies. Die provinsiale voorsitters word op die volgende Landsberaad voorgestel as die verkose provinsiale verteenwoordigers in die Rapportryerraad met die ondervoorsitters as hulle sekundi.
- Tussentydse vakatures in provinsiale besture word by wyse van ‘n posstemming gevul.
- Die provinsiale verteenwoordigers verkies die President, Vise-President, Sekretaris en Penningmeester uit vooraf genomineerde kandidate, wat volwaardige lede van die Beweging is, en met hulle skriftelike instemming.

10.1.4 Indien die verkose President en die Sekretaris provinsiale verteenwoordigers is, sal hul verkose sekundi van die betrokke provinsies vir die duur van die President of die Sekretaris se onderskeie termyne, optree as provinsiale verteenwoordigers op die Rapportryerraad, en dus ook as provinsiale voorsitters.

10.1.5 Die provinsiale verteenwoordigers vorm saam met die President, Vise-President, Sekretaris en Penningmeester van die Raad en amptenare, die Rapportryerraad.

10.1.6 Indien daar ‘n vakature vir President binne sy ampstermyn ontstaan, neem die Vise-President hierdie ampsposisie in, en indien die Vise-President in hierdie omstandighede ook ‘n provinsiale voorsitter is, neem sy verkose sekundus sy plek as Rapportryerraadslid vir daardie provinsie in.

NUWE VOORGESTELDE SUB-KLOUSULE 10.1.7:

- Indien ‘n provinsiale voorsitter as Vise-President binne sy ampstermyn verkies word, en indien hy sou verkies om nie die twee ampsposisies tegelyk te beklee nie, sal sy verkose sekundus die amp as provinsiale voorsitter oorneem vir die duur van sy ampstermyn.

Motivering:

Wanneer daar na die beskrywing van sub-klousule 10.1.6 van die 2016-Grondwet gekyk word, is dit duidelik dat die posisie van Vise-President vakant raak wanneer laasgenoemde binne sy ampstermyn as President oorneem. Die sub-klousule maak slegs voorsiening dat, indien die Vise-President ook ‘n provinsiale voorsitter is, sy verkose sekundus sy posisie as voorsitter en Rapportryerraadslid vir daardie provinsie inneem. Die posisie van Vise-President, as deel van die Rapportryerraad en RRB-Dagbestuur, is dan nie gevul nie.

Met die byvoeging van die nuwe klousule 10.1.7 word dus voorsiening gemaak vir (a) die vul van die posisie van Vise-President wanneer die vorige amps-bekleër onder bepaalde omstandighede as President moet oorneem, asook (b) vir sy sekundus om as provinsiale voorsitter en raadslid vir die betrokke provinsie te dien.

Behalwe vir nuwe numering bly die inhoud van die volgende sub-klousules dieselfde.

10.1.8 Die Rapportryerraad kan ’n maksimum van 8 (agt) lede koöpteer om kundigheid toe te voeg, ingeval bestaande verkose raadslede nie self verantwoordelikheid vir sekere kundigheidsportefeuljes kan hanteer nie.

10.1.9 Die Rapportryerraad kan sy samestelling wysig deur provinsies saam te voeg of provinsies te verdeel, soos omstandighede en praktiese uitvoerbaarheid dit vereis.

4. **Taalkundige wysigings:**

Die Rapportryerraad versoek goedkeuring dat finale taalkundige versorging in die Grondwet aangebring kan word, soos *secundi* na *sekundi, beweging* na *Beweging* en *Afrikaner-Kultuurhuishouding* na *Afrikanerkultuurhuishouding*, ens.

DEELNAME AAN DIE FAK SE WISSELTROFEEPROJEK VIR SKOLE

Die Rapportryerbeweging (RRB) en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het sowat twee jaar gelede ‘n vennootskapsooreenkoms aangegaan om mekaar se doelwitte te ondersteun en saam projekte aan te bied. Voorspruitend hieruit het die Rapportryerraad goedkeuring verleen dat korpse betrokke raak by die geskiedenisprojekte van die FAK.

Sedert Julie 2017 is korpse landswyd aangespoor om, onder andere, deel te neem aan die FAK se wisseltrofeeprojek vir skole. Aanvanklik is hierdie trofees slegs vir prestasie deur leerlinge in Geskiedenis toegeken, maar sommige skole het later goedkeuring van die FAK ontvang om dit óók vir prestasie in die vak Afrikaans en ander Afrikanerkultuurverwante aktiwiteite toe te ken.

Die oorhandiging van wisseltrofees deur korpslede, gewoonlik die voorsitter of een van die bestuurslede, namens die FAK aan leerders tydens skole se 2017-prysuitdelingsfunksies, het heelwat bygedra tot ‘n wyer kennisname van die RRB deur die algemene publiek. ‘n Totaal van 69 skole het in 2017 FAK-wisseltrofees tydens hul prysuitdelingsfunksies oorhandig. **Bykans die helfte (31) van hierdie skole is deur die RRB gewerf.** Ons sigbaarheid is dus merkbaar by wyse van deelname aan hierdie projek verhoog! Na wat verneem word het dit by die meeste funksies glad verloop, en is die korpslid wat die oorhandiging behartig het prominent as *lid van die RRB* welkom geheet en vir sy teenwoordigheid bedank.

Baie dankie aan al die korpse wat aan die einde van 2017 met die identifisering van die skole, fasilitering van bestellings en aflewerings en by die oorhandiging van trofees betrokke was. Ongelukkig was daar geen korpse uit die Oos- en Wes-Kaap by hierdie projek betrokke nie, en wil ek hulle graag aanmoedig om vanaf 2018 daaraan deel te neem. **Só kan daar verder gestalte gegee word aan ons *Vennootskap met die FAK*.**

Barry Frey

Vise-President

STRUWIG EKO-RESERVAAT

Hieronder ‘n nuwe inisiatief van die Struwig-span om skoolleerlinge die geleenthied te bied om die BOS van die Struwig-plaas as ‘n avontuur te belewe. Rapportryers moet dit asseblief so wyd as kan bekend stel en aanbeveel.

KORPSNUUS

Kyk net hoe goed hou Koppie-Alleen-korps hul gedenkwaardighede in stand!

Grahamstad

Hierby aangeheg is 'n voorbladberig oor die korps se jaarlikse betrokkenheid by die tradisionele Grahamstad-kersmark. Nog 'n Korps wat 'n verskil maak in hul gemeenskap!

Korpse moet asseblief seker maak dat hulle baniere vertoon wanneer hulle openbare aksies soos hierbo van stapel stuur sodat mense wat dit sien kan kennis neem van die RRB se bestaan en positiewe betrokkenheid!

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt

Sekretaris

Last modified on Sunday, 10 June 2018 18:09